
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/**
**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

# BESIGHEIDSTUDIES V2

## MEI/JUNIE 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let daarop dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die antwoorde op die EERSTE vraag gekies in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **20** |
| | | | |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.** | **2** | **40** | **70** |
| | **3** | **40** | |
| | **4** | **40** | |
| | | | |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.** | **5** | **40** | **30** |
| | **6** | **40** | |
| | | | |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Die aandeelhouers van … voorkeuraandele word vergoed vir vorige onbetaalde dividende as gevolg van lae winste.

A deelnemende
B aflosbare
C omskepbare
D kumulatiewe

1.1.2 Werkgewers en werknemers dra elkeen 1% van hul basiese lone tot die … by.

A Werkloosheidsversekeringsfonds
B Vergoedingsfonds
C Padongelukkefonds
D Getrouheidsversekeringsfonds

1.1.3 Mbali, 'n verkoopskonsultant, moet … om haar volgende aanbieding te verbeter.

A goeie verhoudinge met die gehoor handhaaf
B die doelstellings wat nie bereik is nie, hersien
C saam met haar kollegas aanbied
D kritiek van die gehoor ignoreer

1.1.4 Spandinamika-teorieë stel besighede in staat om …

A take volgens die rolle van spanlede toe te ken.
B in die produksie van gehalteprodukte te spesialiseer.
C hulle openbare betrekkinge met gemeenskappe te verbeter.
D opleidingsprogramme aan werknemers te bied.

1.1.5 Grey Vervaardiging moedig werknemers aan om afvalmateriaal te herwin. Dit verwys na … as 'n drievoudige sleutelaspek-element.

A persone
B profyt
C planeet
D produktiwiteit (5 x 2) (10)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| bestuurder; kommunikasie; besluitneming; saamgestelde; klaer; probleemoplossing; enkelvoudige; leier; samewerking; kundige |

1.2.1 Die … is verantwoordelik vir die administrasie van take en programme om teikens wat gestel is, te bereik.

1.2.2 Die berekening van … rente is slegs op die oorspronklike bedrag wat belê is, gebaseer.

1.2.3 Spanlede neem aan besluitneming deel om hulle doelwitte te bereik. Dit verwys na … as 'n kriterium vir suksesvolle spanprestasie.

1.2.4 Jakob hanteer 'n … as 'n moeilike persoonlikheid deur die situasie te onderbreek en na die probleemoplossingsproses te beweeg.

1.2.5 Die HUB van Moodley Rekenmeesters het verskillende alternatiewe oorweeg voordat die beste een gekies is. Dit staan as … bekend. (5 x 2) (10)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Vennootskap | A | verpligting van besighede om alle inkomste wat ontvang is, te verklaar |
| 1.3.2 | Stigtersaandele | B | laat besighede toe om 'n mededingende voordeel te hê aangesien hulle beter dienste lewer |
| 1.3.3 | Maatskaplike verantwoordelikheid | C | aandeelhouers ontvang dividende slegs wanneer 'n wins gemaak is |
| 1.3.4 | Misbruik van werktyd | D | kontinuïteit van die besigheid hang van die hoeveelheid aandeelhouers af |
| 1.3.5 | Diversiteit | E | werknemers maak persoonlike oproepe gedurende werksure |
| | | F | laat besighede toe om die behoeftes van slegs een bepaalde groep klante te ken |
| | | G | inkorporeerders ontvang dividende slegs nadat alle aandeelhouers betaal is |
| | | H | kontinuïteit van die besigheid hang van die lewensduur van die eienaars af |
| | | I | werknemers gebruik besigheidshulpbronne vir persoonlike gewin |
| | | J | verpligting van elke burger om tot die welstand van gemeenskappe by te dra |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Gee enige VIER voorbeelde van langtermynversekering. (4)

2.2 Beskryf kortliks die regte van gewone aandeelhouers. (4)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**PARKER TANDHEELKUNDE (PT)**

Parker Tandheelkunde het surplusfondse en het besluit om 'n minimum bedrag van R1 000 as aanvanklike belegging te belê. Hulle sal gepenaliseer word as onttrekkings binne die eerste twaalf maande gemaak word.

2.3.1 Identifiseer die beleggingsvorm wat in die scenario hierbo van toepassing is. (2)

2.3.2 Beskryf die voordele van die beleggingsvorm wat in VRAAG 2.3.1 geïdentifiseer is. (4)

2.4 Verduidelik die verskil tussen *beperkte aanspreeklikheid* en *onbeperkte aanspreeklikheid.* (4)

2.5 Bespreek die impak van die laissez-faire-/vrye-teuels-leierskapstyl. (4)

2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**QUSHU BEPERK (QB)**

Qushu Beperk het Sam, die finansiële bestuurder, versoek om geouditeerde finansiële state aan verskeie belanghebbendes aan te bied. Sam het 'n spesiale pen gebruik om notas te maak terwyl visuele beelde vertoon is. Die gehoor het hardekopieë van sy aanbieding vir toekomstige verwysing ontvang.

Identifiseer TWEE visuele hulpmiddele wat deur Sam gebruik is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 2.6 te beantwoord.

| VISUELE HULPMIDDELE | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

2.7 Bespreek enige TWEE beginsels van versekering. (6)

2.8 Gee aanbieders raad oor die aspekte wat in ag geneem moet word wanneer 'n multimedia-aanbieding ontwerp word. (6)

**[40]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Noem enige TWEE sosiale regte van werknemers in die werkplek. (2)

3.2 Beskryf kortliks die korrekte prosedures om griewe in die werkplek te hanteer. (6)

3.3 Identifiseer die menseregte wat deur Meadridge Tuinmaakdienste bevorder word in ELKE stelling hieronder:

3.3.1 Werknemers se persoonlike inligting word vertroulik gehou. (2)

3.3.2 Meadridge Tuinmaakdienste verseker dat die werksomgewing vry van gevaarlike produkte is. (2)

3.4 Verduidelik maniere waarop besighede belasting/belastingontduiking as 'n tipe onetiese sakepraktyk kan hanteer. (4)

3.5 Bespreek enige TWEE probleemoplossingstappe. (6)

3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **AFRIKA ONTWERPERS (AO)** |
|---|
| Afrika Ontwerpers pas die King-kode-beginsels vir goeie korporatiewe bestuur toe. AO het remediërende programme ontwikkel om lug- en waterbesoedeling te verminder wat die omgewing sal beskerm. |

3.6.1 Identifiseer die King-kode-beginsel wat deur AO toegepas word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

3.6.2 Verduidelik enige EEN ander King-kode-beginsel vir goeie korporatiewe bestuur wat AO kan toepas. (3)

3.7 Bepreek *bestorming* as 'n stadium van spanontwikkeling. (6)

3.8 Beveel maniere aan waarop besighede taal as 'n diversiteitskwessie in die werkplek kan hanteer. (6)
**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSGELEENTHEDE

4.1 Noem enige VIER faktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word. (4)

4.2 Beskryf kortliks die funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE). (4)

4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**SANDY BAKKERY (SB)**

Sandy, die eienaar van Sandy Bakkery, wil haar addisionele inkomste gebruik om haar besigheid uit te brei. Sy het besluit om aandele in Bio Bpk. te koop.

Identifiseer die ondernemingsvorme wat deur Sandy Bakkery en Bio Bpk. verteenwoordig word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 4.3 te beantwoord.

| ONDERNEMINGSVORME | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

4.4 Verduidelik die faktore wat in ag geneem moet word wanneer daar vir 'n aanbieding voorberei word. (6)

### BESIGHEIDSROLLE

4.5 Brei uit oor die betekenis van *professionele gedrag*. (4)

4.6 Verduidelik hoe besighede konflik in die werkplek moet hanteer. (4)

4.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KULSUM ONDERNEMING (KO)**

Kulsum Onderneming gebruik hulle surpluswinste om sommige sosio-ekonomiese kwessies te hanteer. Hulle bied beurse aan gemeenskapslede om hulle vlak van opvoeding te verbeter. Hulle verskaf antiretrovirale behandeling vir geïnfekteerde mense. KO verskaf ook entrepreneursprogramme om selfindiensneming in die gemeenskap aan te moedig.

4.7.1 Haal TWEE maniere uit die scenario hierbo aan waarop KO werkloosheid as 'n sosio-ekonomiese kwessie hanteer. (2)

4.7.2 Verduidelik ander maniere waarop KO werkloosheid as 'n sosio-ekonomiese kwessie kan hanteer. (4)

4.8 Evalueer die impak van korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid (KMV) op besighede. (6)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING C

Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy OF VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (BESTUUR EN LEIERSKAP)

| |
|---|
| Besighede stem saam dat leiers se persoonlike houding 'n belangrike rol in suksesvolle leierskap speel. Sommige besighede pas die demokratiese leierskapstyl toe terwyl ander die outokratiese leierskapstyl toepas. Die situasionele en transformasie-leierskapsteorieë verskaf riglyne oor die toepassing van leierskapstyle. Sekere situasies vereis dat besighede die transaksionele leierskapstyl toepas. |

Skryf 'n opstel oor bestuur en leierskap waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die rol van persoonlike houding in suksesvolle leierskap.
- Verduidelik die verskille tussen die *demokratiese* en *outokratiese leierskapstyle*.
- Bespreek die volgende leierskapsteorieë:
  - Situasionele
  - Transformasie-
- Beveel situasies aan waarop die transaksionele leierskapstyl in die werkplek toegepas kan word. **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (KREATIEWE DENKE EN PROBLEEMOPLOSSING)

| |
|---|
| Kreatiewe denke laat besighede toe om innoverend in hulle benadering te wees en voordeel te trek uit lewensvatbare besigheidsgeleenthede. Dit vereis dat hulle 'n omgewing skep wat kreatiewe denke in die werkplek bevorder. Suksesvolle besighede weet wat die impak van die Delphi-tegniek en die nominale groeptegniek is om besigheidsprobleme op te los. Baie besighede pas dinkskrum toe wanneer hulle voor uitdagende take te staan kom. |

Skryf 'n opstel oor kreatiewe denke en probleemoplossing waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die voordele van kreatiewe denke in die werkplek.
- Verduidelik maniere waarop besighede 'n omgewing kan skep wat kreatiewe denke in die werkplek bevorder.
- Bespreek die impak van die volgende probleemoplossingstegnieke:
  - Delphi-tegniek
  - Nominale groeptegniek
- Gee besighede raad oor hoe hulle dinkskrum kan toepas om komplekse besigheidsprobleme op te los. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za